Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# TOERISME

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.

3. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. In VRAE 3.1, 3.2 en 3.3.1 EN 3.3.2 moet jy jou antwoorde tot TWEE desimale plekke afrond.

6. Toon ALLE berekeninge.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Die volgende tabel is ŉ riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A** | 1 | Kortvrae | 40 | 20 |
| **B** | 2 | Kaartwerk en Toerbeplanning | 50 | 50 |
| | 3 | Buitelandse Valutaverhandeling | | |
| **C** | 4 | Toerisme Attraksies | 50 | 50 |
| | 5 | Kultuur- en Erfenistoerisme | | |
| | 6 | Bemarking | | |
| **D** | 7 | Toerismesektore | 30 | 30 |
| | 8 | Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | | |
| **E** | 9 | Plaaslike-, Streeks- en Internasionale Toerisme | 30 | 30 |
| | 10 | Kommunikasie en Kliëntediens | | |
| | | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 A.

1.1.1 Die tyd in Japan as dit 16:00 op 1 Junie in Suid-Afrika is.

A 11 nm
B 23h00
C 23:00
D 11 uur in die nag

1.1.2 In 2022, sal … die eerste Midde-Oosterse nasie asook die kleinste land wees wat gasheer vir die FIFA-Wêreldbeker is.

A Irak
B Katar
C Israel
D Jordanië

1.1.3 Met ŉ visumaansoek moet ŉ … aan die owerhede van die land wat besoek wil word ingedien word.

A voltooide aansoekvorm en bevestiging van indiensneming
B voltooide aansoekvorm en besonderhede van gesinslede wat die land in die afgelope vyf jaar besoek het
C paspoort en gesinsgeskiedenis
D kleur foto's en DHA 73 vorm

1.1.4 Voorbeelde van politieke situasies:

A Burgeroorlog en natuurrampe
B Ongelukke en uitbreek van siektes
C Terrorisme en resessies
D Algemene onluste en terrorisme

1.1.5 ŉ Suid-Afrikaanse reisiger sal aansoek doen vir ŉ Schengenvisum as hy/sy … wil besoek.

A Zambië
B Italië
C Australië
D Kanada

1.1.6 Volgens UNESCO se kriteria, is/verteenwoordig die Wieg van die Mensdom …

A ŉ meesterstuk van menslike kreatiewe vernuf.
B ŉ uitstaande voorbeeld van ŉ tipe gebou.
C hoofstadiums in die geskiedenis van die aarde.
D ŉ unieke bewys van ŉ beskawing wat verdwyn het.

1.1.7 ŉ IBP …

A is ŉ lengtelyn wat op 180° gevind word.
B staan vir In Diepte Besonderhede Profiel en word deur reisagente gebruik om die behoeftes, voorkeure en verwagtinge van ŉ toeris te bepaal.
C bekragtig die draer se bestuurderslisensie in die buiteland.
D laat ŉ reisiger toe om ŉ vreemde land binne te gaan.

1.1.8 Die vorm van betaling hieronder …

SWIFT

A word hoofsaaklik vir kleiner aankope gebruik.
B is PIN-beskerm en nie aan ŉ bankrekening gekoppel nie.
C vind plaas oor ŉ gerekenariseerde netwerk, van een bankrekening na ŉ ander.
D laat nie toe dat die gelde ontvang vir kontant verruil word nie.

1.1.9 ŉ Toerismeonderneming wat beurse aan voorheen benadeelde leerders bied is ŉ voorbeeld van …

A BSEB.
B plaaslike verkryging.
C driedubbele-slotreëlbenadering.
D KMB.

1.1.10 Die Vatikaanstad is …

A ŉ plek van gebed en pelgrimstog wat heilig is vir Jode.
B die geestelike sentrum vir lede van die Katolieke geloof.
C die oudste Islamitiese monument in die wêreld.
D ŉ bekende Romeinse paleis.

1.1.11 Toeriste wat ʼn paar woorde in ʼn buitelandse taal aanleer voordat hulle die land waarin die taal gepraat word besoek, beoefen …

A KMB.
B Regverdige Handel Toerisme (Fair Trade Tourism).
C verantwoordelike toerisme.
D volhoubare toerisme.

1.1.12 Een van Suid-Afrika se grootste reis-, buitelug- en avontuur geleenthede:

A Comrades Marathon
B Indaba
C Getaway-skou
D WRM (WTM) Afrika

1.1.13 Oorwegings vir die bestuur met die beplanning van die professionele beeld van hulle onderneming:

A Skryfbehoeftes, kliëntediensbeleide, personeel selfoonbeleid
B Kenteken, personeel ontspanningsarea, slagspreuk
C Voorkoms van die onderneming, ouderdom van personeel, ligging van die personeelrestaurant
D Slagspreuk en kenteken, skryfbehoeftes, voorkoms van die onderneming

1.1.14 Die skade wat deur ʼn … veroorsaak is, word in die onderstaande beeld getoon.



A aardbewing
B veldbrand
C droogte
D vulkaniese uitbarsting

1.1.15 ŉ Reisverwante siekte wat nie deur inenting verhoed kan word nie:

A Malaria
B Geelkoors
C Hepatitis A
D Masels

1.1.16 Die Richtersveld Kulturele- en Botaniese Landskap Wêrelderfenisterrein word deur die … gemeenskap besit en bestuur.

A Nama
B San
C Damara
D Himba

1.1.17 ŉ Kommersiële bank wat ZAR vir GBP ruil vir ŉ Suid-Afrikaanse reisiger voor sy vertrek, sal van die … gebruik maak.

A BBP
B BVK
C BAK
D EFO

1.1.18 Die kernfunksie van SAToerisme:

A Misdaadbekamping
B Koördinering van die bemarkingspogings van rolspelers in die toerismebedryf
C Koördinering van die onderhoud van aantreklikhede
D Bied opleiding aan toergidse

1.1.19 ŉ Voorbeeld van goedere wat deur Suid-Afrikaanse doeane as beperkte goedere beskou word:

A Een maand se voorraad van farmaseutiese middels of medisyne vir persoonlike gebruik met ŉ dokter se voorskrif
B 150 sigarette
C 1 ℓ wyn
D ŉ 50 mℓ bottel parfuum

1.1.20 Suid-Afrika se huidige handelsmerk slagspreuk:

A "Niks is meer pret nie" ("Nothing is more fun")
B "Inspirerende nuwe maniere" ("Inspiring new ways")
C "Dit is moontlik" ("It's possible")
D "Joune om te ontdek" ("Yours to explore") (20 x 1) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies die term/begrip vanuit die gegewe lys wat die beskrywings die beste voltooi. Skryf slegs die term/begrip langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Herbesoeke; Markaandeel; Kredietkaart; Die Parthenon; Kringtelevisiekameras; Kontant; Colosseum; Vermenigvuldigereffek |

1.2.1 Die persentasie buitelandse inkomende toeriste in ŉ land.

1.2.2 Die beste betaalmetode vir ŉ toeris wat ŉ huurmotor gebruik.

1.2.3 ŉ Romeinse arena wat vir openbare geleenthede gebruik word.

1.2.4 ŉ Faktor wat tot die sukses van ŉ toeriste-aantreklikheid bydra.

1.2.5 ŉ Eienskap van ŉ suksesvolle toeriste-aantreklikheid.

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 ŉ Reisiger wat Suid-Afrika binnekom en ŉ pakkie vir ŉ vriend dra wat deur die vriend se ma gepak is, behoort die (rooi/groen) kanaal met aankoms by doeane te kies.

1.3.2 Dagligbesparingstyd word in sekere lande beoefen deur hulle horlosies EEN uur vorentoe te skuif in die (winter-/somer-) maande.

1.3.3 (Vlugvoosheid/vluguitputting) is ŉ reisverwante toestand wat deur lang ure vlieg in ŉ vliegtuig veroorsaak word.

1.3.4 (Indië/Sentraal-Afrika) is ŉ geelkoors endemiese gebied.

1.3.5 ŉ Paspoort wat aan ŉ Suid-Afrikaanse burger op die ouderdom van 12 jaar uitgereik word, is geldig vir (10/5) jaar vanaf die datum van uitreiking.

(5 x 1) (5)

1.4 Kies ŉ aantreklikheid/bestemming uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | ŉ Reuse standbeeld uit kalksteen gemaak, wat in Giza, Egipte geleë is | A | ǂKhomani Kulturele Landskap |
| 1.4.2 | ŉ Simbool van die skeiding tussen demokrasie en kommunisme tydens die Koue Oorlog | B | Baberton Makhonjwa Berge |
| 1.4.3 | Op die Suid-Afrikaanse grens tussen Botswana en Namibië geleë | C | Die Sphinx |
| 1.4.4 | Bo-op Corcovado-berg, Rio de Janeiro, Brasilië geleë | D | Vredefort Koepel |
| 1.4.5 | ŉ Welgestelde Afrika koninkryk wat 1 000 jaar terug dateer | E | Standbeeld van Christus die Verlosser |
| | | F | Die Berlynmuur |
| | | G | Mapungubwe Kulturele Landskap |

(5 x 1) (5)

1.5 Herrangskik die stappe in die korrekte volgorde vir ŉ inkomende internasionale toeris met sy aankoms by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) in Suid-Afrika. Skryf slegs die letters, A–E, in die ANTWOORDEBOEK.

A. Vlug land op aanloopbaan 03L/21R by ORTIA.

B. Passasier kry bagasie by bagasie-opeisarea.

C. Passasier stap deur doeane.

D. Passasier gaan lugkant van ORTIA binne.

E. Passasier meld by immigrasiebeheer aan.


(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTABEHEER

## VRAAG 2

2.1 Gebruik die wêreldtydsonekaart en die gevallestudie om die vrae te beantwoord.



# WGO AANLYN-PERSKONFERENSIE OOR DIE COVID-19 PANDEMIE




Die Wêreld Gesondheidsorganisasie is 'n gespesialiseerde agentskap van die Verenigde Nasies en is verantwoordelik vir internasionale openbare gesondheid.

WGO-hoofkwartiere: Genève, Switserland

Die WGO bied gereeld aanlyn konferensies oor die stand van globale Covid-19 infeksies om sodoende die internasionale gemeenskap met die nuutste inligting op hoogte te hou. Perskonferensies word vanuit die WGO hoofkwartiere uitgesaai.

Volgende aanlyn perskonferensie oor die stand van globale Covid-19 infeksies:

- ❖ Vergaderingsdatum: 3 Maart 2020
- ❖ Vergadering begin 15:00

Kliek op die gegewe skakel om by die globale aanlynvergadering aan te sluit:

https://global.zoom//covid19update//pandemic

2.1.1 Bereken die tyd en datum wat die VSA Sekretaris van Gesondheid, mnr. Xavier Becerra, by die aanlyn-perskonferensie vanuit sy kantore in Washington DC, die hoofstad van die Verenigde State van Amerika, aangesluit het.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (4)

2.1.2 Bereken die tyd en datum wat die Australiese Minister van Gesondheid, die agbare Greg Hunt, by die aanlyn-perskonferensie vanuit sy kantore in Canberra, die hoofstad van Australië, aangesluit het.

Onthou dat Australië tydens die aanlyn-perskonferensie dagligbesparingtyd beoefen het.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (5)

2.1.3 Suid-Afrika het by die res van die wêreld aangesluit in die soektog na Covid-19 inentings. Die eerste besending inentings is op ŉ Emirates Lugdiens vlug wat van Chhatrapati Shivaji Maharaj Internasionale Lughawe in Mumbai, Indië op pad na OR Tambo Internasionale Lughawe, Johannesburg, Suid-Afrika op 31 Januarie 2021 gelaai.

Die vlugroete word hieronder aangedui.

| | |
|---|---|
| **Vertrek 04:30** | Chhatrapati Shivaji Maharaj Internasionale Lughawe – Mumbai, Indië |
| **Aankoms 06:00** | Dubai Internasionale Lughawe – Dubai, Verenigde Arabiese Emirate |
| **Wagtydperk: 3 uur 55 min** | |
| **Vertrek 09:55** | Dubai Internasionale Lughawe – Dubai, Verenigde Arabiese Emirate |
| **Aankoms: --------** | OR Tambo Internasionale Lughawe – Johannesburg, Suid-Afrika |
| **Totale vliegtyd 15 uur 15 min** | |

(a) Bereken die datum en tyd van aankoms van die vlug by OR Tambo Internasionale Lughawe, Johannesburg, Suid-Afrika.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (6)

(b) Die bemanningslede van die Emirates Lugdiens vlug wat inentings na Suid-Afrika vervoer het, het aan vlugvoosheid met hulle aankoms gely.

Lys DRIE simptome van hierdie reisverwante toestand. (3)

(c) Met hulle aankoms in Suid-Afrika moet die bemanningslede van die Emirates Lugdiens vlug met hulle persoonlike bagasie deur doeane beweeg.

Verduidelik die funksie wat deur doeanebeheer uitgeoefen word. (2)

2.2 Bestudeer die beeld en teks en beantwoord die vrae wat volg.


**A**




**B**




**C**




2.2.1 Identifiseer die verpligte reisdokument in die bostaande prent. Verwys na die letters **A**, **B** of **C** in jou antwoord. (2)

2.2.2 Verduidelik die gebruik van die reisdokument genommer **C**. (2)

2.2.3 As gevolg van reisbeperkings wat na aanleiding van die Covid-19 pandemie in plek gestel is, oorweeg sommige lande inenting-paspoorte. Hierdie is ŉ digitale sertifikaat, met bewys van inenting, wat op die passasier se slimfoon gestoor word en as bewys van inenting dien en hulle toelaat om te reis.

Bespreek TWEE voordele van ŉ reisiger om in besit van ŉ inentingpaspoort te wees as hy/sy internasionaal reis. (4)

2.3 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

TSOGO SUN
HOTELS



**Keer terug na ŉ nuwe konferensie-ervaring waar u veiligheid gelykstaan met ons bekende gasvryheid.**

2.3.1 Identifiseer die tipe toeris wat ŉ konferensie wat aan Covid-19 vereistes voldoen by een van Tsogo Sun se hotelle sal bywoon. (1)

2.3.2 Stel TWEE Covid-19 veiligheidsmaatreëls voor wat die konferensie-organiseerder van Tsogo Sun in plek moet hê. (4)

**[33]**

**VRAAG 3**

Bestudeer die onderstaande wisselkoers tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Land | Geldeenheid-kode | BAK | BVK |
|---|---|---|---|
| Italië | EUR | 16,39 | 16,98 |
| Engeland | GBP | 19,06 | 19,77 |
| VSA | USD | 13,54 | 13,87 |

3.1 ŉ Suid-Afrikaanse besigheidseienaar beplan ŉ besigheidsreis na Rome, Italië. Hy het R45 000 om vir sy uitgawes gedurende die reis te wissel.

Bereken die aantal Euro's wat hy sal ontvang wanneer hy sy R45 000 wissel.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.2 Met sy terugkeer na Suid-Afrika het die besigheidseienaar €23 van sy reisgeld oor. Bereken hoeveel Rand hy sal ontvang wanneer hy die €23 wissel.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.3 Siya is ŉ top graad 12 akademiese presteerder by sy Oos-Kaapse skool. Wanneer hy sy skoolloopbaan voltooi, wil hy medies studeer en spaar reeds baie jare sy geld. Hy het R175 000 vir sakgeld gespaar.

Hy het aansoek gedoen, en is by die Universiteit van Kalifornië, VSA en die Universiteit van Oxford, Engeland, aanvaar.

3.3.1 Bereken hoeveel USD Siya sal ontvang as hy R175 000 wissel ter voorbereiding vir sy reis.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.3.2 Bereken hoeveel GBP Siya sal ontvang as hy R175 000 wissel ter voorbereiding vir sy reis.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.3.3 Bepaal in watter land Siya die meeste sakgeld gaan hê terwyl hy medies studeer. (1)

3.4 Bestudeer die prent en beantwoord die vraag wat volg.




Bespreek die impak van die afname in die waarde van die Rand in verhouding tot die VS Dollar met betrekking tot inkomende toeriste vanuit die Verenigde State van Amerika na Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME AANTREKLIKHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS TOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 Bestudeer die reis-visiebord (travel vision board) (*'n collage van al die plekke waarna jy wil reis)* wat jy geskep het met prente van die wêreldikone en beantwoord die vrae wat volg.




4.1.1 Gee die amptelike name van die ikone genommer **A** tot **F** op jou reis-visiebord. (6)


4.1.2 Verskaf die volgende inligting oor jou reis-visiebord:

(a) Die aantal vastelande/kontinente wat jy gaan besoek. (2)

(b) Die naam van die land waarin TWEE ikone gevind kan word. (2)

(c) EEN natuur-gebaseerde aktiwiteit waaraan jy kan deelneem as jy die ikoon genommer **A** besoek. (2)

4.2 Bestudeer die inligting oor Venesië en beantwoord die vrae wat volg.








In voor-Covid-19 tye het Venesië, met 'n beraamde bevolking van 54 000, meer as 30 miljoen toeriste jaarliks verwelkom, (±60 000 tot 80 000 toeriste per dag) waarvan die helfte dagbesoekers was. Van April tot Oktober, het luukse toerskepe na die stad gestroom en ±32 000 passasiers het daagliks die nou strate ingevaar. Die oorbevolking het tot 'n ongewenste omgewing vir plaaslike inwoners en besoekers gelei.

In 2017 het die stadsowerhede verskeie maatreëls ingestel om toerisme op 'n meer volhoubare manier te bestuur. Die oopmaak van nuwe kitskos afsetpunte is verban en die getal winkels wat pizzastukke, kebabs en ander soorte kitskos verkoop, is beperk. 'n Verbod is ook geplaas op die oopmaak van nuwe hotelle in die middestad.

Soos die stad regmaak om weer besoekers te ontvang, maak owerhede van die geleentheid gebruik om dinge anders te doen. Vanaf 2021, word luukse toerskepe wat meer as 40 000 ton weeg verban om die Venesië-strandmeer en kanaal, wat tot die historiese St Mark's-plein lei, binne te gaan. Hulle word na nabygeleë hawens herlei. In Januarie 2022, word 'n toerisme-heffing op enige persoon wat Venesië binnegaan sonder 'n oornagbespreking gehef.

[Verwerk uit https://edition.cnn.com & www.thelocal.it]

4.2.1 Identifiseer die hoofbron van kommer, deur toerisme veroorsaak, wat deur die stadsowerhede van Venesië bestuur moet word. (2)

4.2.2 Gee EEN rede waarom Venesië 'n gewilde ikoon is. (2)

4.2.3 Stel TWEE faktore voor, wat tot die besluit van die stadsowerhede om stappe teen kitskos afsetpunte in Venesië te neem, gelei het. (2 x 2) (4)

4.2.4 Bespreek TWEE voordele vir die omgewing wat uit die verbod op groot luukse toerskepe voortspruit. (2 x 2) (4)

**[24]**

## VRAAG 5

Bestudeer die beeld van ŉ Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein en beantwoord die vrae wat volg.



5.1 Identifiseer die Wêrelderfenisterrein in die beeld. (2)

5.2 Noem die provinsie waarin ŉ toeris moet wees om die Wêrelderfenisterrein te kan besoek. (2)

5.3 UNESCO, in vennootskap met die Afrika Wêreld Erfenisfonds (African World Heritage Fund) hou van tyd tot tyd ŉ #MyAfricanHeritage Instagram kompetisie vir jong mense tussen die ouderdomme van 18 en 32. Deelnemers moet hul prente of video's van ŉ Afrika UNESCO Wêrelderfenisterrein oplaai deur van die hutsmerk #MyAfricanHeritage gebruik te maak.

Die prente of video's wat opgelaai is moet die unieke karakter van ŉ Afrika UNESCO Wêrelderfenisterrein uitbeeld om ŉ kans te staan om een van die pryse te wen.

5.3.1 Jy besluit om vir die kompetisie in te skryf en reël met jou familie om die Wêrelderfenisterrein in bostaande beeld te besoek.

Noem DRIE tipes landvorme waarvan jy foto's geneem het om die geografiese diversiteit van die Wêrelderfenisterrein uit te beeld. (3 x 2) (6)

5.3.2 Stel TWEE maniere voor waarby UNESCO se Afrika Wêrelderfenisterrein Instagram kompetisie waarde tot Suid-Afrika se toerismebedryf sal voeg. (2 x 2) (4)

**[14]**

## VRAAG 6

Bestudeer die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

#MEET SOUTH AFRICA

Suid-Afrikaanse Toerisme
@southafricauk
Die amptelike Twitterblad van Suid-Afrikaanse Toerisme vir die VK & Ierland

Mei 31, 2020
Ons wil JOU foto's van Suid-Afrika sien. Deel you beste foto's met ons deur #meetsouthafricaLATER

[Verwerk uit https://twitter.com/southafricauk]

6.1 Identifiseer die bronteikenmark wat deur SAToerisme in sy Twitter bemarkingsveldtog geteiken is. (2)

6.2 SAToerisme #MeetSouthAfrica bemarkingsveldtog is herdoop na #MeetSouthAfricaLater as gevolg van die Covid-19 pandemie se internasionale reisbeperkings.

Stel TWEE redes voor vir SAToerisme se Twitter inskrywing van 31 Mei 2020. (2 x 2) (4)

6.3

wtm®
LONDEN
1 – 3 November 2021

Die WRM (WTM) is die leier in globale geleenthede vir die reisbedryf om professionele mense in die bedryf te ontmoet en mee besigheid te doen.

Verduidelik hoe SAToerisme befonds word om Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming by die WRM (WTM) te bemark. (3 x 2) (6)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Lees die koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.

**Kajuitbemanningslid daag bekende Suid-Afrikaanse lugdiens voor die hof vir onregverdige ontslag.**

Susan Smith, kajuitbemanningslid van Penika Lugdiens, het die lugdiens vir onregverdige ontslag voor die hof gedaag. Dit is nadat sy ontslaan is omdat sy op ʼn vlug van Port Elizabeth na Johannesburg aan die slaap geraak het. Smith beweer dat sy ʼn 14-uur skof sonder ʼn ruskans moes werk nadat twee van haar kollegas siek geword het en nie hulle skofte kon doen nie.



Volgens die HUB van Penika Lugdiens, Themba Njengane, moes die lugdiens hulle vlugskedule op 31 Januarie aanpas aangesien twee van hul vliegtuie weens meganiese probleme nie kon vlieg nie en twee personeellede siek geword het.

In ʼn verklaring het Njengane genoem dat dit jammer is dat Smith ʼn 14-uur skof sonder ruskans moes werk, maar sy het aan die slaap geraak terwyl sy passasiers se maaltye bedien het. Njengane het genoem dat Smith op ʼn onprofessionele manier opgetree het toe sy teenoor die passasiers gekla het omdat sy 14-uur sonder ʼn ruskans moes werk. Die bestuur van Penika Lugdiens het gevoel dat Smith se optrede haar onmiddellike ontslag (afdanking) geregverdig het.

7.1 Noem die kontrak wat Susan met haar indiensneming by Penika Lugdiens moes geteken het. (1)

7.2 Gee EEN rede waarom dit belangrik vir werknemers is om die kontrak genoem in VRAAG 7.1 te onderteken. (2)

7.3 Identifiseer die dokument wat Susan nie gehoor aan gegee het nie (oortree het) toe sy op ʼn onprofessionele manier opgetree het en teenoor die passasiers oor haar werksure gekla het. (1)

7.4 Lys TWEE redes waarom ʼn besigheid die dokument waarna daar in VRAAG 7.3 verwys is, moet hê. (2 x 2) (4)

7.5 Gee jou opinie oor die geldigheid van die stelling deur die HUB van Penika Lugdiens, Themba Njengane, oor Susan se onprofessionele gedrag. (2)

7.6 Kajuitbemanningslede werk onder uiters uitdagende omstandighede.

Gee EEN rede om hierdie stelling te ondersteun. (2)
**[12]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 8


Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**Verantwoordelike Omgewingsbestuur by Mashovhela Lodge – Morning Sun Natuurreservaat**

Morning Sun Natuurreservaat is ŉ Nasionale Erfenisterrein, geken vir sy unieke biodiversiteit, wat in die Soutpansberge, Limpopo Provinsie geleë is. Bestuur by Mashovhela Lodge is bewus van hulle verantwoordelikheid om die diversiteit en natuurlike skoonheid van die reservaat vir toekomstige geslagte te bewaar en om soveel moontlik mense op te voed oor bewaring van ons planeet.

Mashovhela Lodge is ŉ Regverdige Handel Toerisme (Fair-Trade Tourism) geakkrediteerde maatskappy wat die ontwikkeling van volhoubare toerisme in Suid-Afrika ondersteun en die ses beginsels van Regverdige Handel Toerisme handhaaf.

Hieronder is verskeie maniere hoe Mashovhela Lodge skade aan die omgewing verhoed en eko-vriendelike beginsels insluit:




[Verwerk uit www.morningsun.co.za]

8.1 Lys TWEE van die SES beginsels van Regverdige Handel Toerisme. (2)

8.2 Bespreek die waarde van ŉ Regverdige Handel Toerisme akkreditasie vir Mashovhela Lodge. (4)

8.3 Stel EEN strategie voor, onder elk van die onderstaande opskrifte, wat Mashovhela Lodge kan implementeer om hul verbintenis aan verantwoordelike omgewingsbestuur te toon:

8.3.1 Afvalbestuur (2)

8.3.2 Watertoevoer (2)

8.3.3 Hernubare energie (2)

8.4 Verduidelik EEN rede waarom Mashovhela Lodge mense oor die beskerming van ons planeet moet opvoed. (2)

8.5 Volhoubare toerisme behels meer as om te verseker dat die omgewing goed opgepas word. Stel EEN manier voor hoe Mashovhela Lodge verseker kan wees dat hulle die onderstaande pilare van volhoubare toerisme handhaaf:

8.5.1 Sosiale pilaar (2)

8.5.2 Ekonomiese pilaar (2)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS


### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die uittreksel en beelde hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.




**G7-BERAAD IN CORNWALL, VERENIGDE KONINKRYK: Vreugde en bekommernis toe Carbisbaai gekies is om gasheer vir die beraad te wees**

Die kusdorpie Carbisbaai in die distrik, Cornwall, met ʼn bevolking van ongeveer 4 000, is gekies as die hoofgasheer van die G7-beraad wat vanaf 11 tot 13 Junie 2021 gehou word. St. Ives en Falmouth, saam met ander dorpe in die omgewing, sal ondersteuning aan Carbisbaai bied.




Plaaslike leiers voel om gasheer te wees van die G7-beraad in Cornwall sal ʼn wonderlike geleentheid bied om die streek aan die wêreld bekend te stel.

Plaaslike mense verwag ook ʼn ekonomiese hupstoot met die huisvesting van wêreldleiers, internasionale afgevaardigdes en die media, maar is bekommerd oor potensiële chaos in die klein kusdorpie en omliggende gebiede.

[Verwerk uit www.bbc.com]

9.1.1 Verduidelik EEN rede wat plaaslike leiers beïnvloed het om die volgende stelling te maak: "Om gasheer te wees van die G7-beraad in Cornwall sal ʼn wonderlike geleentheid bied om die streek aan die wêreld bekend te stel." (2)

9.1.2 Stel TWEE insidente (*gebeurtenisse*) voor wat die lewens van die inwoners sou ontwrig gedurende die weke en dae voor die G7-beraad asook tydens die beraad. (2 x 2) (4)

9.1.3 Die globale herstel na die Covid-19 pandemie was een van die hoofbesprekingspunte by die G7-beraad.


In ʼn paragraaf, bespreek DRIE maniere waarop hierdie onvoorsiene gebeurtenis die internasionale toerisme-ekonomie negatief beïnvloed het. (3 x 2) (6)

9.2 Bestudeer die statistiek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Waarop spandeer internasionale besoekers hulle geld terwyl hulle in Suid-Afrika is?**

Uiteensetting van totale spandering volgens persentasie en produk gerangskik van hoogste na laagste (2005 – 2017)

Totale spandering in 2005 = R51 miljard. Totale spandering in 2017 = R151 miljard.




***Nie-spesifieke produkte:** Hierdie is produkte wat nie spesifiek aan toerisme-aktiwiteite gekoppel word nie. Inkopies val onder hierdie kategorie.

[Bron: www.statssa.gov.za]

9.2.1 Gee die toename in die totale bedrag van internasionale besoekerspandering wat tot die Suid-Afrikaanse ekonomie in 2017 in vergelyking met 2005 bygedra het. (2)

9.2.1 Identifiseer die jaar waarin die lugvervoer spanderingsitem vir internasionale besoekers die hoogste was. (2)

9.2.3 Stel TWEE maniere voor hoe toerismeondernemings die spandering deur internasionale toeriste kan verhoog. (4)

**[20]**

## VRAAG 10

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

hellopeter.com

*Hellopeter is ŉ platform wat Suid-Afrikaanse verbruikers en ondernemings met mekaar verbind.*

R **Raeez**
29 resensies | Aktief sedert Jun 2014

**Ou Hoender Slegte Ervaring** 18 Maart 2021, 11:32

Ek het ŉ 514 (Hoender) by TikaThai, Oos-Londen op 17 Maart omstreeks 14:15 bestel. Toe my maaltyd bedien is kon ek proe dat die hoender vrot was. Ek het met die bestuurder gepraat en hy het aangebied om vir my ŉ ander 514 (Hoender) te maak. Toe die nuwe maaltyd bedien is, was die hoender steeds vrot en het selfs erger gesmaak. Die bestuurder het ook gesê hy kon ruik dat die hoender vrot was.

TT **TikaThai se antwoord:**
18 Mar 2021, 17:03

Hi Raeez

Ons is jammer om te hoor dat jy ongelukkig was met jou maaltyd van TikaThai, Oos-Londen. Ons het hierdie aangemeld by die relevante spanlid om met jou kontak te maak. Ons vra weereens om verskoning vir enige ongerief veroorsaak.

Groete,
Die TikaThai-span

R **Raeez:**
23 Mar 2021, 12:14

Dit is nou al amper 6 dae en niemand het met my kontak gemaak nie.

[Verwerk uit https://www.hellopeter.com]

10.1 Identifiseer die kliënte terugvoermetode wat in die bostaande uittreksel gebruik is. (2)

10.2 Gee EEN voordeel vir verbruikers om diensleweringresensies op die *Hellopeter*-platform te lees. (2)

10.3 Stel DRIE negatiewe impakte vir die onderneming voor omdat die bestuur van TikaThai nie die intervensieplan wat hulle op die *Hellopeter*-platform geplaas het opgevolg het nie. (3 x 2) (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# TOERISME
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C ✓ | | |
| | 1.1.2 | B ✓ | | |
| | 1.1.3 | A ✓ | | |
| | 1.1.4 | D ✓ | | |
| | 1.1.5 | B✓ | | |
| | 1.1.6 | D ✓ | | |
| | 1.1.7 | C ✓ | | |
| | 1.1.8 | C ✓ | | |
| | 1.1.9 | D ✓ | | |
| | 1.1.10 | B ✓ | | |
| | 1.1.11 | C ✓ | | |
| | 1.1.12 | C ✓ | | |
| | 1.1.13 | D ✓ | | |
| | 1.1.14 | A ✓ | | |
| | 1.1.15 | A ✓ | | |
| | 1.1.16 | A ✓ | | |
| | 1.1.17 | B ✓ | | |
| | 1.1.18 | B ✓ | | |
| | 1.1.19 | A ✓ | | |
| | 1.1.20 | B ✓ | (20 x 1) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Markaandeel ✓ | | |
| | 1.2.2 | Kontant ✓ | | |
| | 1.2.3 | Colosseum ✓ | | |
| | 1.2.4 | Kringtelevisiekameras ✓ | | |
| | 1.2.5 | Herbesoeke ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | rooi ✓ | | |
| | 1.3.2 | somer ✓ | | |
| | 1.3.3 | vluguitputting ✓ | | |
| | 1.3.4 | Sentraal-Afrika ✓ | | |
| | 1.3.5 | 5 ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | C ✓(Die Sphinx/Sfinks) | | |
| | 1.4.2 | F ✓( Die Berlynmuur) | | |
| | 1.4.3 | A ✓(ǂKhomani Kulturele Landskap) | | |
| | 1.4.4 | E ✓( Standbeeld van Christus die Verlosser) | | |
| | 1.4.5 | G ✓( Mapungubwe Kulturele Landskap) | (5 x 1) | (5) |

1.5 A ✓ (Vlug land op aanloopbaan 03L/21R by ORTIA)
D ✓ (Passasier gaan lugkant van ORTIA binne)
E ✓ (Passasier meld by immigrasiebeheer aan)
B ✓ (Passasier kry bagasie by bagasie-opeisarea)
C ✓ (Passasier stap deur doeane) (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTABEHEER

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 Washington DC, VSA -5
Genève, Switserland +1 (15:00 op 3 Maart 2021)
Tydsverskil: 6 ure ✓
15:00 – ✓ 6 ure = 09:00 ✓ op 3 Maart 2021 ✓

**OF**

09:00 ✓✓✓op 3 Maart 2021 ✓ (4)

2.1.2 Genève, Switserland +1 (15:00 op 3 Maart 2021)
Canberra, Australië +10 (+ 1 uur DBT = +11 ✓)
Tydsverskil: 10 ure ✓
15:00 + ✓10 ure = 25:00 – 24 ure
= 01:00 ✓ op 4 Maart 2021 ✓

**OF**

01:00 ✓✓✓✓op 4 Maart 2021 ✓ (5)

2.1.3 (a) Mumbai, Indië +5.5
Johannesburg, Suid-Afrika +2
Tydsverskil: 3 ½ ure ✓ (of 3 ure 30min.)
04:30 – ✓3 ½ ure = 01:00 ✓ op 31 Januarie 2021
01:00 + ✓15 uur 15 min = 16:15 ✓ 31 Januarie 2021 ✓

**OF**

16:15 ✓✓✓✓✓ op 31 Januarie 2021 ✓ (6)

(b) Slaaploosheid ✓
Moegheid ✓
Geïrriteerdheid ✓
- Onderbroke slaap
- Ongemaklike bene en voete
- Sukkel om te konsentreer
- Hardlywigheid of diarree
- Verwarring en disoriëntasie
- Ontwatering
- Hoofpyn
- Naarheid
- Verloor eetlus
- Duiseligheid (3 x 1) (3)

(c) Doeane beheer die vloei van goedere na en van ŉ land. ✓✓
- Doeane is verantwoordelik vir versameling en veilige bewaring van doeaneregte (belasting) in ŉ land.
- Doeane pas die wette toe wat die invoer en uitvoer van goedere na en van die land afdwing. (2)

2.2 2.2.1 **B** ✓✓ / Paspoort (2)

2.2.2 ʼn Gesondheidsertifikaat is ʼn verklaring wat deur ʼn gesondheid-sorgverskaffer (soos ʼn dokter of ʼn verpleegster) geteken is en wat getuig dat die draer van die sertifikaat gesond is of verifieer dat die draer daarvan sekere inentings gehad het. ✓✓ (2)

2.2.3 Die reisiger in besit van die inentingspaspoort sal nie ander mense met Covid-19 besmet nie. ✓✓
Die reisiger in besit van die inentingspaspoort sal nie met Covid-19 besmet word nie. ✓✓
- Die inentingspaspoort sal ŉ toename in reis tot gevolg hê aangesien reisbeperkings wat in plek is as gevolg van Covid-19 verminder sal word. (4)

2.3 2.3.1 Besigheidstoeris ✓
- MECE toeris (1)

2.3.2 Afgevaardigdes se temperature sal met ŉ termiese skandeerder met hulle aankoms by die hotel en/of konferensiesentrum geneem word. ✓✓
Daar sal van afgevaardigdes verwag word om ŉ skanderingsvraelys met hulle aankoms te voltooi. ✓✓
- Daar sal van afgevaardigdes verwag word om te saniteer en ontsmettingspraktyke toe te pas.
- Daar sal van afgevaardigdes verwag word om maskers te dra tensy hulle eet of drink.
- Sitplekke sal verder uit mekaar gerangskik word om 1,5 meter sosiale afstand te verseker.
- Die getal afgevaardigdes mag nie 50% van die lokaal se gewone kapasiteit oorskry nie.
- Spyskaarte en bedieningstandaarde moet aangepas word en in lyn met gesondheid- en veiligheidprotokol en Regeringsregulasies gebring word. (2 x 2) (4)

**[33]**

**VRAAG 3**

3.1 R45 000 ÷ ✓16,98 ✓ = €2 650,18 ✓

**OF**

€2 650,18 ✓✓✓ (3)

3.2 €23 x ✓ 16,39 ✓ = R376,97 ✓

**OF**

R376,97 ✓✓✓ (3)

3.3 3.3.1 R175 000 ÷ ✓ 13,87 ✓ = $12 617,16 ✓

**OF**

$12 617,16 ✓✓✓ (3)

3.3.2 R175 000 ÷ ✓ 19,77 ✓ = £8 851,80 ✓

**OF**

£8 851,80 ✓✓✓ (3)

3.3.3 VSA ✓
- Verenigde State van Amerika (1)

3.4 As die waarde van die Rand in verhouding tot die VS Dollar laag is, sal internasionale toerisme van die VSA na Suid-Afrika toeneem. ✓✓
VSA toeriste sal Suid-Afrika as 'n goedkoop bestemming beskou. ✓✓
- Wanneer toeriste van die VSA Suid-Afrika besoek sal hulle meer geld kan spandeer aangesien hulle meer Rand sal ontvang wanneer hulle hulle geldeenheid ruil.
- Hulle kan langer bly, of aan duurder aktiwiteite deelneem terwyl hulle in Suid-Afrika is.
- Hulle kan duurder verblyf bespreek aangesien hulle meer Rand gaan hê as wat hulle sou gehad het as die Rand sterker was. (4)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME AANTREKLIKHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS TOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 **A** – Swartwoud ✓
**B** – Sydney Operahuis ✓
**C** – Groot Muur van Sjina ✓
**D** – Leunende Toring van Pisa ✓
**E** – Ayersrots✓ / Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park
**F –** Niagara Watervalle ✓ (6 x 1) (6)

4.1.2 (a) 4 ✓✓ (2)

(b) Australië ✓✓ (2)

(c) Staproetes ✓✓
- Stap
- Bergfiets ry
- Ski
- Sneeubord ry
- Swem in die mere
- Bootry (2)

4.2 4.2.1 Oorbevolking ✓✓
- Massatoerisme
- The totale aantal daaglikse besoekers is meer as die aantal inwoners van die stad. (2)

4.2.2 Die historiese stad is op houtplatforms gebou wat aan 118 klein eilande in ŉ strandmeer, gekoppel deur kanale en brûe, vasgeanker is. ✓✓
- Venesië is bekend vir argitektuur en kuns, byvoorbeeld nou strate, kanale, brûe, paleise, kerke, monumente, museums en kunsgalerye.
- Buiten stap is die hoofvervoermetode watervervoer wat deur inwoners en toeriste in Venesië gebruik word.
- Venesië is een van die mooiste stede in die wêreld. (2)

4.2.3 Kitskos verpakkingsafval het tot ŉ toename in rommel bygedra. ✓✓
Waterbesoedeling is deur kitskos verpakkingsafval wat in die kanale gestort is veroorsaak. ✓✓
- Die gemak van kitskos afsetpunte het toeriste beïnvloed om nie tradisionele Venesiaanse restaurante waar daar gesit kan word, te ondersteun nie.
- Toeriste het op brûe, nou stegies, huisdeure en winkelvensters gesit en eet en daardeur die reeds oorvol stad blokkeer.
- Die vele kitskos afsetpunte het die kulturele erfeniskultuur van die stad beskadig.
- Kitskos verpakkingsafval lok seemeeue op soek na kos. (2 x 2) (4)

4.2.4 Die verbod op luukse toerskepe sal water- en lugbesoedeling in die Venesiëstrandmeer en kanaal verminder. ✓✓
Dit sal skade aan die fondasies van die geboue, veroorsaak deur die beweging van toerskepe, verminder. ✓✓
- Die waterkwaliteit van die strandmeer en kanale sal verbeter.

(2 x 2) (4)
**[24]**

**VRAAG 5**

5.1 IsiMangaliso Vleilandpark ✓✓ (2)

5.2 KwaZulu-Natal ✓✓ (2)

5.3 5.3.1 Strande ✓✓
Duine ✓✓
Mere ✓✓
- Moerasse
- Riet- en papirusvleilande (3 x 2) (6)

5.3.2 Skep internasionale bewustheid van Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine. ✓✓
Moedig die jeug en plaaslike bevolking aan om hul kulturele- en natuurlike erfenis te beskerm. ✓✓
- Verhoogde besoekersgetalle na die provinsie/gebied waar die Wêrelderfenisterreine geleë is.
- Werksgeleenthede sal, as gevolg van die toenemende behoefte aan produkte en dienste, geskep word.
- ŉ Toename in besoekers aan die terrein sal tot verhoogde toerisme inkomste lei.
- Verhoogde besoekersgetalle na hierdie terreine sal Suid-Afrika se BBP verhoog.
- Verhoogde besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
- Lok buitelandse belegging.
- ŉ Sin van eienaarskap / trots onder die plaaslike gemeenskap.
- Moedig beter werksverhoudings tussen alle rolspelers aan.
- Sal meer spesiale belangstellingstoeriste na Suid-Afrika lok.
- Skep van meer entrepreneursgeleenthede. (2 x 2) (4)

**[14]**

## VRAAG 6

6.1 VK en Ierland ✓✓
- VK
- Verenigde Koninkryk
- Ierland (2)

6.2 Die gedeelde foto's sal 'n bewustheid van Suid-Afrika as 'n reisbestemming tydens die Covid-19 pandemie skep. ✓✓
Die gedeelde foto's kan tot 'n toename in nuwe aankomste van die VK en Ierland lei nadat reisbeperkings opgeskort is. ✓✓
- Voormalige besoekers van die VK en Ierland kan oorweeg om na Suid-Afrika terug te keer nadat reisbeperkings opgeskort is. (2 x 2) (4)

6.3 Die Toerismeheffing Suid-Afrika (TOMSA) (Tourism Levy South Africa), 'n privaatsektor inisiatief, versamel 'n 1% Toerismeheffing, wat vrywilliglik deur kliënte betaal word, van deelnemende toerisme ondernemings, byvoorbeeld, toeroperateurs, motorverhuringsmaatskappye en ondernemings wat verblyf bied. ✓✓
Die Toerisme Besigheidsraad van Suid-Afrika (TBCSA) administreer TOMSA. ✓✓
Die TBCSA verseker dat alle fondse wat bymekaar gemaak word, beskikbaar gestel word aan SAToerisme vir bemarking. ✓✓ (3 x 2) (6)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

## VRAAG 7

7.1 Dienskontrak ✓ (1)

7.2 Werknemers moet ŉ dienskontrak onderteken sodat hulle van die werkgewer se verwagtinge bewus is. ✓✓
- Die ondertekening van ŉ kontrak beskerm werknemers teen onregverdige praktyke in die werksplek.
- Die ondertekening van ŉ kontrak beskerm die werkgewer sou daar ŉ geskil oor diensvoorwaardes vanaf die werknemer ontstaan. (2)

7.3 Gedragskode van Penika Lugdiens ✓ (1)

7.4 ŉ Gedragskode sit uiteen wat vir ŉ onderneming belangrik is (sy etiek en beginsels), en skryf voor hoe personeel terwyl hulle by die werk is moet optree. ✓✓
Dit help om te identifiseer en duidelik te stel watter gedrag welkom is en watter nie. ✓✓
- Dit gee aan personeel riglyne oor die skep van ŉ atmosfeer van samewerking en bevorder integriteit in die werksplek.
- ŉ Gedragskode is ŉ dokument wat aan personeel riglyne gee oor aanvaarbare gedrag in die werksplek.
- Dit beskryf die verhouding wat personeel met hulle kollegas en kliënte behoort te hê.
- Dit verseker dat almal in die werksplek met respek behandel word.
- Dit erken verskillende kulturele, godsdienstige en sosiale praktyke.

(2 x 2) (4)

7.5 Die HUB is geregverdig omdat hy ongelukkig was oor Susan se klagte teenoor passasiers oor haar skof aangesien sy op ŉ onprofessionele wyse opgetree het toe sy teenoor die passasiers gekla het. ✓✓ (2)

7.6 Die kajuitbemanningslede moet baie uitdagings in die gesig staar omdat hulle passasiers moet hanteer wat verskillende behoeftes en verwagtinge het. ✓✓
- Kajuitbemanningslede moet lang ure werk, is die meeste van die tyd op hul voete terwyl hulle professioneel moet optree.
- Kajuitbemanningslede moet, as deel van hulle werk, na baie bestemmings vlieg wat uitdagend kan wees. (2)

**[12]**

**VRAAG 8**

8.1 Volhoubaarheid ✓
Billike deel ✓
- Demokrasie
- Respek
- Deursigtigheid
- Betroubaarheid (2 x 1) (2)

8.2 ŉ Bestemming met Regverdige Handel akkreditasie sal omgewingsbewuste toeriste lok. Hierdie kan tot toename in besoekersgetalle lei. ✓✓
ŉ Bestemming met Regverdige Handel akkreditasie sal positiewe mondelinge advertensie tot gevolg hê. ✓✓
- ŉ Bestemming met Regverdige Handel akkreditasie sal beleggings van beleggers wat eenders dink kan lok. (4)

8.3 8.3.1 Hergebruik ✓✓
- Verminder
- Hersirkuleer (2)

**LET WEL:** Aanvaar gepaste voorbeelde van praktyke

8.3.2 Beperk watergebruik. ✓✓
- Maak seker dat geen krane lek nie.
- Versamel reënwater vir hergebruik.
- Gebruik gryswater waar moontlik. (2)

8.3.3 Installeer sonpanele ✓✓
- Installeer windturbines (2)

8.4 *Mense behoort oor bewaring van ons planeet opgevoed te word omdat:*
Dit sal tot die bewaring van die planeet se hulpbronne vir toekomstige generasies lei. ✓✓
- Dit sal verseker dat ons hulpbronne behoue bly en nie uitgeput word nie.
- Dit ŉ bewustheid van bewaring sal skep.
- Omgewingsbewaring sal daartoe bydra dat ons kollektiewe koolstofvoetspoor verminder word. (2)

8.5 8.5.1 Mashovhela Lodge kan programme in plek stel wat die plaaslike kultuur en erfenis erken. ✓✓
- Hulle kan by sosiale opheffingsprogramme betrokke raak.
- Daarstelling van mediese fasiliteite en personeel om aan die behoeftes van die plaaslike gemeenskap te voldoen.
- Daarstelling van befondsde opvoedkundige fasiliteite vir die plaaslike gemeenskap.
- Vaardigheidsontwikkeling vir lede van die plaaslike gemeenskap. (2)

8.5.2 *Mashovhela Lodge kan:*
Gemeenskaps-aandeelhouding in die onderneming implementeer. ✓✓
- Werksgeleenthede met billike lone skep.
- Die ontwikkeling van verskaffer-ondernemings vanuit die plaaslike gemeenskap verseker.
- ʼn Billike werwingsproses implementeer.
- Plaaslike verkryging beoefen.
- Verseker dat hulle korporatiewe maatskaplike beleggingsprogram die plaaslike gemeenskap finansieel bevoordeel. (2)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 9.1.1 Die G7-beraad sal wêreldmedia en televisie op Cornwall fokus en daardeur blootstelling aan ŉ wêreldwye gehoor bied. ✓✓

- Mediapersoneel van regoor die wêreld sal Cornwall besoek om verslag te doen oor die geleentheid.
- Verhoogde bemarking vir Cornwall as gevolg van globale mediadekking.
- Die gasheerland kry wêreldwye blootstelling/publisiteit voor, gedurende en na die geleentheid. (2)

9.1.2 Potensiële vervoer ontwrigtings soos sluiting van paaie in gebiede om die lokale wat vir die geleentheid gebruik word, padblokkades, ontwrigting van treinskedules. ✓✓
Instroming van internasionale besoekers. ✓✓

- Ontplooiing van addisionele lede van die polisie om die bestaande polisie-spanne by te staan.
- Hoë vlakke van sekuriteit rondom die besoekende wêreldleiers.
- Die moontlike bedreiging van G7 protesaksie.
- Skole mag dalk vir die G7-beraad sluit uit kommer oor protesaksie en ontwrigting.
- Moontlike ontwrigting vir besighede as gevolg van die beraad.
- Vrese vir ŉ toename in Covid-19 infeksies as gevolg van die aanbied van die beraad.
- Vrese dat die infrastruktuur nie voldoende sal wees nie.
- Beperkte publieke toegang tot Carbisbaai strand vir die duur van die beraad.
- Sluiting van alle lokale wat vir die G7-beraad gebruik word vir die publiek. (2 x 2) (4)

9.1.3 Globale maatreëls wat ingebring is om die virus in te perk het toerisme aktiwiteite wêreldwyd laat stop. ✓✓
Toerisme ondernemings het geweldige finansiële verliese gely as gevolg van die dramatiese afname in internasionale inkomende toeriste. ✓✓
Die Covid-19 pandemie het permanente werksverliese of verminderde werksure vir werknemers in die toerismesektor tot gevolg gehad. ✓✓

- Die kansellasie en uitstelling van reise deur toeriste het tot ŉ afname in buitelandse valutaverdienste gelei.
- Afname in toerisme inkomste het die BBP-groei negatief beïnvloed.
- Baie toerisme ondernemings het bankrot gespeel. (3 x 2) (6)

9.2 9.2.1 R100 biljoen ✓✓
- R100 bn
- 100 biljoen
- 100 bn (2)

9.2.2 2016 ✓✓ (2)

9.2.3 Promosie- en mediareklame tegnieke ✓✓
Spesiale aanbiedings ✓✓
- Afslag vir grootmaat aankope.
- Verpakking van meervoudige toerismeprodukte.

**LET WEL***:* *Aanvaar voorbeelde van bemarkingstegnieke.* (4)
**[20]**

**VRAAG 10**

10.1 Web-gebaseerd ✓✓
- Aanlyn
- Internet (2)

10.2 Bied waardevolle leiding van mense wat van ʼn diens of produk reeds gebruik gemaak het. ✓✓
- Help verbruikers in hul besluitneming oor watter ondernemings om te ondersteun.
- Verskaf inligting oor die betroubaarheid van ʼn onderneming.
- Verskaf inligting oor die gehalte van diens wat verwag kan word. (2)

10.3 Die beeld van die onderneming sal beskadig word. ✓✓
Die kliënt sal nie die onderneming weer ondersteun nie aangesien die klagte nie vinnig en doeltreffend opgelos is nie. ✓✓
Ander verbruikers sal sien dat TikaThai nie vir hulle kliënte omgee nie. ✓✓
- Dit kan tot swak mondelinge advertensie vir TikaTha lei.
- Voornemende kliënte sal twee keer dink voordat hulle TikaThai ondersteun. (3 x 2) (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou